higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSORIËNTERING

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 3

(7601023)

28 Februarie 2020 (Y-Vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

138Q1S2028

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 120

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n item/woord uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Om verhoudings met mense te bou wat jou in jou toekomstige loopbaan kan help	A	vermoëns
		B	kultuur
1.2	'n Rympie wat 'n leerder help om 'n lys of volgorde van dinge te onthou	C	sterk punte
		D	netwerkvorming
1.3	Die dinge waarmee 'n persoon goed is	E	mnemoniese tegnieke
		F	skaars vaardighede
1.4	Verwys na die vaardighede en talente wat 'n persoon het		
1.5	Gebruike en tradisies wat ons by ons families en sosiale groepe leer		

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 ... is die proses waarvolgens 'n konflik met behulp van 'n onpartydige derde party opgelos word.

A Bemiddeling
B Arbitrasie
C Onderhandeling
D Vredebou

2.2 Die ... is die hoogste hof in Suid-Afrika wat ons regte as Suid-Afrikaners beskerm.

A Hoë Hof
B Hoogste Hof van Appèl
C Gelykheidshof
D Konstitusionele Hof

2.3 Korrupsie, wanadministrasie en misbruik van mag in die regering kan by die ... aangemeld word.

A Openbare Beskermer
B SAPD Stop Misdaad ('Crime Stop')
C SAID
D Onafhanklike Polisiedirektoraat

2.4 ... behels om beheer oor te neem en leiding aan kollegas of groeplede te gee.

A Motivering
B Spanwerk
C Samewerking
D Leierskap

2.5 Werknemers wat fisiek gesond is, ...

A neem dikwels siekteverlof.
B het energie om hul pligte uit te voer.
C kla oor skete en kwale.
D is moeg en onproduktief.

2.6 ... help om die omgewing te bewaar.

A Koolstofuitstraling
B Ontbossing
C Herwinning
D Rommelstrooiery

2.7 Om haatspraak op Facebook teen 'n ander etniese groep uit te spreek, is 'n voorbeeld van ...

A vooroordeel.
B stereotipering.
C misbruik.
D rassisme.

2.8 ... is die sistematiese, berekende en wydverspreide doodmaak van mense op wrede maniere.

A Kindermishandeling
B Dwang
C Geslagsmisbruik
D Volksmoord

2.9 Watter van die volgende is 'n geskikte uitdrukking van emosies in 'n konflik-situasie?

A Om jou mening ferm te stel.
B Om te skreeu om jou standpunt oor te dra.
C Om 'n stoel om te skop omdat jy gefrustreerd is.
D Om vulgêre taal teenoor 'n kollega te gebruik.

Kopiereg voorbehou

2.10 As jy voel jy word onderwerp aan onbillike diskriminasie of haatspraak deur private individue, staatsamptenare of instellings, kan jy 'n klagte indien by ...

A die Gelykheidshof.
B die Konstitusionele Hof van Suid-Afrika.
C die Verenigde Nasies.
D Amnestie Internasionaal.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur dit langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Die praktyk waarvolgens gunste of poste aan familielede gegee word.

3.2 'n Proses wat jy deurgaan om tussen verskillende opsies te kies.

3.3 Om nie jou inkomstebelasting aan die staat te betaal nie.

3.4 Denke wat redelik, rasioneel, ordelik en op feite gebaseer is.

3.5 Stappe wat gedoen word om wangedrag in die werksplek te hanteer.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Verstrek 'n rede vir die antwoord.

4.1 Twitter is 'n aanlyn tuiste vir sosiale netwerkvorming.

4.2 Dit is 'n teken van respek in die Afrikakultuur om jou werkgewer in die oë te kyk.

4.3 Prioritisering verwys daarna om na 'n ander taak te beweeg voordat jy die een waarmee jy tans besig is, voltooi het.

4.4 Seksuele teistering is 'n vorm van fisieke mishandeling.

4.5 Dubbele bevoordeling is wanneer 'n persoon geld wegsteek wat hulle onwettig ontvang het.

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 5

5.1 Verduidelik hoe jy selfgeldend kan wees wanneer jy met kollegas omgaan. Gee TWEE antwoorde. (2 × 1) (2)

5.2 Onderskei tussen *fisieke leerstyl* en *ouditiewe leerstyl*. (2 × 1) (2)

5.3 Gee TWEE wenke vir gewigsbestuur. (2)

5.4 Verduidelik wat dit beteken om 'n gebalanseerde leefstyl te hê. (1 × 2) (2)

5.5 Noem TWEE tipes moreel onaanvaarbare gedrag in die werksplek wat Suid-Afrikaanse wetgewing oortree. (2)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 6

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

Simon werk baie hard. Hy het moeilike kinderjare gehad. Sy pa het hom oorgegee aan alkohol, ontrouheid en misbruik; en het uiteindelik sy werk verloor. Sy ma, wat 'n slagoffer van sy pa se mishandeling was, is beseer en was derhalwe nie in staat om te werk nie. In 2011 is sy pa oorlede, waarna hulle op toelaes staatgemaak het om te oorleef.

Simon was verplig om skool te verlaat en in 'n hoenderfabriek te werk om sy gesin te onderhou. Hy het vyf jaar lank in die fabriek gewerk voordat hy besluit het om 'n bemarkingskwalifikasie van die plaaslike TBOO-kollege te verwerf. Hy voltooi tans sy NSB V3. Simon doen oor naweke en vakansies vrywilligerwerk by 'n plaaslike bemarkingsmaatskappy.

6.1 Wat is 'n vaardigheidsoudit en hoe sal dit Simon help? (2 + 2) (4)

6.2 Noem DRIE dinge waarmee sy vrywilliger-ervaring hom sal help. (3)

6.3 Gee VIER voorbeelde van hoe Simon sy netwerk kan opbou. (4)

6.4 Vergelyk voorbeelde van produktiewe en onproduktiewe gedrag in die werksplek met betrekking tot maatskappytyd. (2 + 2) (4)
[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Bestudeer die onderstaande illustrasie en beantwoord die vrae.

WATTER EEN IS JY?

LINKER-BREIN



REGTER-BREIN

www.youtube.com

7.1 Jy het 'n aanlyn breindominansietoets afgelê. Jy het uitgevind dat jy regterbreindominant is.

Verduidelik VIER eienskappe van 'n regterbreinpersoon. (4)

7.2 Gee DRIE metodes wat jy kan gebruik om jou kreatiewe denkvaardighede te verbeter. (3)

7.3 Die MH-bestuurder by die bemarkingsmaatskappy waar jy vrywillig werk, vra jou om deel van die maatskappy se welstandkomitee te wees. Die komitee moet 'n werknemerwelstandprogram vir die jaar opstel.

Gee VYF idees van verskillende aktiwiteite wat jy by die program kan insluit. (5)

7.4 Verduidelik kortliks DRIE maniere waarop jy seksuele teistering in die werksplek kan voorkom. (3 × 1) (3)

[15]

VRAAG 8

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae.



'Ek het dae lank gehuil toe ek uitgevind het ek is MIV-positief en dat ek tering het! Dit is TYD om oor MIV en tering te praat ...'

8.1 Lola het begin siek voel. Verlede week het sy selfs sieker geword en is in die hospitaal opgeneem, waar sy meegedeel is dat sy MIV-positief is. Die dokter het vir haar gesê dat sy volskaalse VIGS het, en dat haar CD4-telling 'n gevaarlik lae nege is. Sy het ook tering ontwikkel.

8.1.1 Verduidelik aan Lola hoe MIV die immuunstelsel aantas. (1 × 2) (2)

8.1.2 Adviseer Lola hoe sy vir tering behandel behoort te word. (1)

8.1.3 Stel TWEE dinge voor wat Lola moet onthou om tering te voorkom. (2 × 1) (2)

8.2 Die volgende storie het in die plaaslike koerant verskyn. Sarah leer oor menseregteskending en -misbruik in Lewensoriëntering.

Buitelanders sê dat hulle voortdurend in vrees lewe om deur plaaslike Suid-Afrikaners aangeval te word. Hulle skryf dit toe aan 'n idee wat lank reeds bestaan; dat dwelmsmousery, mensehandel en prostitusie deur buitelandse burgers in die gebied uitgevoer word.

Muchada Takaenda, 46, 'n Zimbabwiese informele handelaar, het gesê sy het in 2008 in Suid-Afrika aangekom. Die moeder van drie het verduidelik, 'Ek het vreedsaam in die stad gebly. Ek is nooit aangeval nie. Baie buitelanders het hul blyplek in die township verlaat en in die tou gestaan om in die stad te woon, waar veiligheid goed was.

'Ek het egter oor die jare uitgevind dat dit baie veiliger is om in townships te woon as hier. Ons word voortdurend lastig geval deur die plaaslike inwoners wat ons daarvan beskuldig dat ons dwelms verkoop en prostitusie beoefen. Hulle beskuldig ons ook daarvan dat ons die polisie omkoop en hul poste en besigheid steel.

[Aangepas uit *http://wwmp.org.za/elitsha/2018/05/31/foreign-nationals-in-port-elizabeth-central-live-in-fear*]

8.2.1 Watter TWEE menseregteskendings kan uit die artikel geïdentifiseer word? (2)

8.2.2 Noem VIER redes waarom buitelandse burgers glo dat hulle in Suid-Afrika geteiken word. (4)

8.2.3 Tabuleer die verskil tussen *rassisme* en *vooroordeel*. (2)

8.2.4 Identifiseer EEN voorbeeld van korrupsie uit die artikel. (1)

8.2.5 Verduidelik TWEE maniere waarop Muchada hierdie mense-regteskendings in haar gemeenskap kan teenstaan. (2)

8.3 Sarah is gekies om 'n toespraak by die HOVIGS se seminaar oor belangrikste dinge eerste te lewer. Sluit die volgende by haar toespraak in:

8.3.1 TWEE maniere waarop MIV opgedoen kan word.

8.3.2 TWEE maniere waarop MIV voorkom kan word.

(2 × 2) (4)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 9

Bestudeer die onderstaande illustrasie en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.difficultpeoplemadeeasy.com.au*]

Die TWEE werknemers het 'n baie hewige argument gehad en weier om saam te werk.

9.1 Verduidelik waarom mediasie gebruik behoort te word om die bostaande konflik op te los. Gee TWEE redes. (2 × 2) (4)

9.2 Verduidelik kortliks 'n ander metode waarop die werknemers in die strokiesprent hul konflik kan oplos as mediasie misluk. (2 × 2) (4)

9.3 Jy moet vir jou eindeksamen studeer.

Stel VIER verskillende mnemoniese tegnieke voor wat jy kan gebruik om te studeer. (4)

9.4 Verduidelik VIER maniere waarop 'n mens respek vir diversiteit by die werk kan betoon. (4)

9.5 Bespreek kortliks in 'n paragraaf van VYF punte die gevolge van korrupsie op die samelewing. (5)

9.6 Geslagsmisbruik is 'n wydverspreide probleem in Suid-Afrika.

9.6.1 Verduidelik die term *geslagsmisbruik*. (2)

9.6.2 Verduidelik DRIE maniere waarop geslagsmisbruik teengestaan kan word. (3)

9.6.3 Noem TWEE ondersteuningsbronne wat met betrekking tot geslagsmisbruik beskikbaar is. (2)

9.6.4 Skep TWEE kragtige en leersame slagspreuke om mense te ontmoedig om mekaar te misbruik. (2)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou